# Inhoudsopgawe


Januarie ..... *Trapklippe vir die nuwe jaar*

Februarie ..... *Ontlont jou spanning*

Maart ..... *Tevredenheid*

April ..... *Juig oor genade!*

Mei ..... *'n Herder vir elke dag*

Junie ..... *Reis deur Romeine*

Julie ..... *Die Jesus wat jy nie geken het nie*

Augustus ..... *Gunstelingtekste*

September ..... *Geestelike dissiplines*

Oktober ..... *God se wil en doel met jou lewe*

November ..... *In swaarkrytye*

Desember ..... *'n Tyd van verwondering*

# Januarie

## *Trapklippe vir die nuwe jaar*

Daar is 'n gesegde dat 'n mens van jou probleme trapklippe moet maak wat jou pad vorentoe gaan vergemaklik. Aan die begin van elke nuwe jaar wonder ek altyd wat ek kan doen om die jaar wat voorlê een van my beste jare ooit te maak.

In Januarie se dagstukke gaan ons saamgesels oor 31 onderwerpe wat sal help om van vanjaar nie net vir my nie, maar ook vir jou 'n wenjaar te maak.

Neem elke dag se opdrag en maak dit deel van jou lewe, oordink dit en skryf neer wat die Here vir jou persoonlik deur daardie spesifieke kernteks wil sê.

Aan die einde van die jaar kan jy gerus weer deur hierdie 31 "trapklippe" gaan en terugdink aan die maniere hoe elkeen van hulle gehelp het om die jaar wat verby is (asook die jare wat nog voorlê) vir jou makliker en meer betekenisvol te maak.

# Gebed

*Hemelse Vader*

Ek loof U vir die genadegeskenk van ŉ nuwe jaar. In die maand wat voorlê, wil ek die opdragte in u Woord oordink en hulle op my lewe toepas om dit meer betekenisvol te maak. Ek bid vir u wysheid en perspektief in die nuwe jaar. Dankie vir u Woord wat vir my ŉ lig op die onbekende pad is en my leer hoe om te leef. Vanjaar wil ek elke geleentheid gebruik: ek wil liefhê soos U, dien soos U – ek wil dit selfs waag om die onmoontlike aan te pak omdat U my die krag daarvoor sal gee.

Oorspoel my lewe elke dag met u teenwoordigheid sodat ek deurentyd van U bewus sal wees. Maak my ŉ lig wat u heerlikheid so helder sal weerkaats dat U die eer daarvoor sal kry. Wys vir my hoe om die nood rondom my te verlig deur meer te gee, om ander te help sonder om iets terug te verwag, om aan te meld vir diens sodat ek optimaal deur U gebruik kan word om ŉ positiewe verskil in die wêreld te maak.

Vanjaar wil ek nie net na u wil soek nie, maar dit ook gehoorsaam. Leer my om van myself te vergeet en versigtig te werk met die tyd tot my beskikking. Ek bid dat U die doel van my lewe aan my sal openbaar sodat ek U met my talente kan verheerlik en as daar vanjaar probleme oor my pad kom, dat U hulle sal gebruik om my karakter te bou.

Gee vir my en my hartsmense ŉ jaar vol blydskap, Here – kommervry omdat U sorg en veilig omdat U my bewaar. Ek weet dat U vir my veel meer sal gee as wat ek bid of dink.

*Amen.*

# *Zoem in op God se wysheid*

Lees: 1 Korintiërs 13:8-13

*Nou kyk ons nog in 'n dowwe spieël en sien 'n raaiselagtige beeld, maar eendag sal ons alles sien soos dit werklik is. Nou ken ek net gedeeltelik, maar eendag sal ek ten volle ken soos God my ten volle ken.*
(1 Korintiërs 13:12)

"Wie wysheid het, weet wanneer en hoe hy moet handel," skryf die wyse prediker (Prediker 8:5). Indien ons God se wysheid vanjaar deel van ons lewens maak, sál ons lewens ten goede verander.

Wanneer 'n mens van bo-op 'n berg na onder kyk, kry jy heeltemal 'n ander perspektief as wanneer jy op gelyk grond staan. Soms sukkel ons om sin te maak van die lewe omdat ons nie soos God van bo af kyk nie. Dinge om ons verander gedurig. Soms twyfel ons oor wat reg en wat verkeerd is.

Jy kan altyd die regte perspektief by God kry. "Die koninkryk van God is 'n bergtop van waar ek 'n uitsig het – waar groot dinge groot is en klein dinge klein. Daarom is die geheim om te midde van al die dinge rondom my boontoe te kyk – en van dáár af terug te kyk na my lewe," skryf Johan Heyns in sy boek *Wie fyner maal*.

Indien die gebeurtenisse om jou en in jou eie lewe vanjaar nie vir jou sin wil maak nie, kyk gerus op na God. Word stil by Hom, dan sal Hy self vir jou die wysheid gee om te kan onderskei watter dinge belangrik en watter onbelangrik, watter dinge reg en watter verkeerd is.

*Here, daar is so baie dinge wat my verwar en deurmekaar maak. Ek bid vir u wysheid en perspektief in my lewe; wys my wat u wil vir my lewe is. Amen.*

# *Soek eers die belangrikste*

Lees: Matteus 6:24-33

*Niemand kan vir twee base tegelyk werk nie. Hy sal óf die een minder ag en die ander een hoër, óf vir die een meer oorhê en die ander een afskeep. Julle kan nie God én Mammon dien nie. Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.* (Matteus 6:24, 33)

Daar is dosyne dinge wat die hedendaagse mens as allerbelangrik ag. Ongelukkig is ons prioriteite nie altyd reg nie. Dit is ongelooflik hoe baie tyd daar bestee word aan materiële dinge, hoe hard daar gewerk word om 'n topsalaris te verdien, hoeveel geld uitgehaal word om ons kinders net die beste te gee.

Jesus praat hieroor in sy Bergrede: 'n Mens kan nie vir twee base tegelyk werk nie, sê Hy. Jy sal óf die geldgod óf die ware God aanbid. En die heel belangrikste van alles is dat jy eers God se koninkryk moet soek – eers dán sal jy al daardie dinge waarna jy so hard streef daarmee saam ontvang.

Johan Heyns skryf in *Wie fyner maal*: "Daarom is die geheim om te midde van al die dinge rondom my boontoe te kyk en van dáár af terug te kyk na my lewe, dan sien ek beter en verstaan ek beter."

Kyk vanjaar elke nuwe dag op na God en vra Hom om jou te leer om eerste dinge eerste te stel, sodat jy met sy wysheid wat jou lei seker sal weet wat werklik belangrik is.

• • • •

*Vader, vanjaar wil ek elke dag opkyk na U, sodat U self vir my kan leer hoe my prioriteite moet lyk. Amen.*

# Teksregister


**Genesis**
22:1-14 ........ 6 Mei
22:1-18 ........ 5 Feb.
45:1-15 ........ 6 Feb.

**Eksodus**
3:1-15 ........ 7 Feb.
5:17-23 ........ 23 Nov.
20:1-17 ........ 18 Des.

**Numeri**
11:1-6 ........ 10 Mrt.
11:21-33 ........ 11 Mrt.

**Deuteronomium**
31:8 ........ 9 Aug.
15:7-14 ........ 13 Jan.

**1 Konings**
19:3-18 ........ 8 Feb.
22:6-14 ........ 27 Okt.

**2 Kronieke**
26:1-16 ........ 9 Okt.

**Nehemia**
8:6-12 ........ 29 Sep.
9:16-24 ........ 7 Mei

**Job**
3 ........ 2 Feb.
9:14-21, 25-26 ........ 28 Jan.
14 ........ 16 Nov.
23 ........ 20 Okt.
37:14-24 ........ 2, 3 Des.
42:1-6 ........ 17 Sep.

**Psalms**
3 ........ 5 Mei
10 ........ 19 Nov.
13 ........ 5 Nov.
16 ........ 4 Mei
19:8-12 ........ 6 Jan., 16 Sep.
21:1-7 ........ 25 Jan.
23 ........ 2, 8, 9, 10, 12, 14, 15, 16, 20, 27, 29, 30, 31 Mei
23:1-4 ........ 1 Aug.
26 ........ 1, 12 Des.
32:8-10 ........ 28 Aug.
37:1-6 ........ 20 Aug.
42:1-7 ........ 25 Feb.

42:6-12 ..... 17 Nov.
51 ..... 9 Feb.
56 ..... 28 Nov.
63 ..... 14 Nov.
66:1-9 ..... 7 Mrt.
80 ..... 18 Mei
102:25-28 ..... 23 Aug.
103:8-18 ..... 19 Jan.
107:1-13 ..... 27 Sep.
111 ..... 4 Des.
118:24 ..... 6 Aug.
118:24-29 ..... 8 Jan.
119:54-56, 89, 105 ..... 4 Jan.
119:129-136 ..... 15 Sep.
119:130-144 ..... 6 Sep.
119:145-152 ..... 3 Sep.
121 ..... 1 Feb.
131 ..... 21 Feb., 12 Aug., 8, 20 Nov.
138:7-8 ..... 21 Aug.
139:13-18 ..... 11 Des.

**Spreuke**

3:5-6 ..... 30 Aug.
4:23; 18:21 ..... 22 Mrt.
8:17-34 ..... 26 Jan.
15:13-23 ..... 28 Sep.
16:1-9 ..... 31 Des.
23:1-11 ..... 5 Mrt.
29:18-26 ..... 30 Jan.
30:5-8 ..... 8 Mrt.

**Prediker**

3:1-13 ..... 18 Aug.
5:9-16 ..... 18 Mrt.
11:7-10 ..... 28 Feb.

**Jesaja**

9:1-6 ..... 21, 30 Des.
25:1-9 ..... 13 Des.
25:6-9 ..... 28 Mei
30:18-21 ..... 17 Mei
40:1-11 ..... 19 Mei
40:1-2, 10-11 ..... 1 Mei
41:10-13 ..... 22 Aug.
43:1-4 ..... 23 Feb., 3 Aug.
43:1-7 ..... 12, 27 Nov.
43:1-10 ..... 7 Okt.
43:4 ..... 4 Aug.
46:3-4 ..... 15 Aug.
53:1-7 ..... 4 Jul., 22 Nov.
53:5-10 ..... 11 Apr.
53:10-12 ..... 28 Okt.
55:6-11 ..... 10 Apr.
55:6-13 ..... 2 Okt., 9 Nov.
55:8-13 ..... 5 Jan.
57:17-21 ..... 1 Sep.
58:6-12 ..... 29 Des.
59:9-19 ..... 17 Des.
60:1-7 ..... 27 Des.

**Jeremia**

18:1-10 ..... 19 Okt.
21:8-12 ..... 16 Jan.
29:11-13 ..... 2 Aug.

**Klaagliedere**

3:18-26 ..... 30 Apr.
3:27-42 ..... 30 Nov.

**Esegiël**

34:11-16 ..... 3 Mei

**Daniël**

3 ..... 13 Nov.
6:11-15 ..... 8 Sep.

**Hosea**
10:9-15 ... 20 Mrt., 1 Okt.
10:12-15 ... 17 Jan.
11:1-9 ... 5 Apr.
11:8 ... 10 Aug.

**Miga**
7:15-20 ... 8 Apr.

**Habakuk**
1:2-5; 2:3-4 ... 17 Feb.
2:20; 3:2-4 ... 5 Sep.
3:17-19 ... 18 Feb.

**Matteus**
2:1-12 ... 28 Des.
5:3 ... 24 Aug.
5:5-12 ... 25 Apr.
5:14-16 ... 7 Aug.
5:21-23 ... 7 Apr.
6:5-13 ... 11, 12 Sep.
6:5-15 ... 6 Apr.
6:9-13 ... 27 Jan.
6:14-18 ... 13 Sep.
6:19-23 ... 19 Sep.
6:27-34 ... 29 Aug.
6:24-33 ... 2, 3 Jan.
6:24-34 ... 29 Jan., 18, 21 Sep.
6:25-34 ... 22 Feb.
7:7-12 ... 7 Jul.
9:9-13 ... 10 Jul.
11:28-29 ... 25 Aug.
11:28-30 ... 7 Nov.
14:13-21 ... 14 Jul.
14:22-36 ... 15 Feb.
18:12-14 ... 25 Mei
20:1-19 ... 9 Apr.
20:20-28 ... 14 Jan., 26 Apr., 25 Sep.
23:23-28 ... 24 Apr.
24:36-44 ... 7 Jan.
26:14-25 ... 18 Jul.
26:17-30 ... 19 Jul.
26:57-68; 27:1-2;
11-14; 22-24 ... 22 Jul.
26:36-46 ... 20 Jul.
28:1-10 ... 26 Jul.

**Markus**
1:32-39 ... 7, 23 Sep.
6:30-34 ... 20 Feb.
8:34-38 ... 24 Sep.
14:32-42 ... 4 Feb.
15:21-34 ... 25 Jul.

**Lukas**
1:26-38 ... 10 Feb., 6, 22, 23 Des.
2:1-7 ... 3 Jul., 25 Des.
2:8-20 ... 2 Jul., 20 Des.
6:31-36 ... 22 Apr.
8:1-3 ... 15 Jul.
8:22-25 ... 12 Jul.
8:26-56 ... 16 Apr.
8:40-42, 49-56 ... 13 Feb.
8:42-48 ... 14 Feb.
10:38-42 ... 19 Mrt.
11:1-4 ... 10 Sep.
14:15-24 ... 17 Apr.
18:22-27 ... 20 Sep.
19:1-8 ... 18 Apr.
19:37-44 ... 11 Jul.
23:33-43 ... 23 Jul.
23:39-43 ... 20 Apr.

**Johannes**
1:1-14 ... 1 Jul.
4:1-15 ... 19 Apr.
4:7-15 ... 13 Mei
4:7-18, 25-26 ... 11 Feb.
4:19-26 ... 26 Sep.
8:1-11 ... 12 Feb.

10:1-5, 11-14 ........ 22 Mei
10:1-5, 27 ........ 23 Mei
10:1-10 ........ 11 Okt.
10:11-18 ........ 24 Jul.
10:22-30 ........ 21 Mei
11:17-26, 33-44 ........ 11 Nov.
11:25-26, 35-44 ........ 13 Jul.
13:1-17 ........ 17 Jul.
13:31-35 ........ 16 Jul.
14:27-31 ........ 11 Mei
14:27 ........ 26 Aug.
15:9-19 ........ 14 Apr.
15:9-17 ........ 15 Apr.
16:16-24 ........ 3 Nov.
18:4-14 ........ 21 Jul.
18:33-37 ........ 6 Jul.
20:9 ........ 26 Jul.
20:19-23 ........ 28 Jul.
21:15-19 ........ 24 Mei

**Handelinge**

1:1-8 ........ 21 Jan.
1:9-11 ........ 30 Jul.
2:43-47 ........ 22 Sep.
9:10-18 ........ 13 Mrt.
16:6-15 ........ 21 Nov.
20:22-32 ........ 31 Okt.
20:33-38 ........ 15 Des.

**Romeine**

1:1-17 ........ 1 Jun.
1:18-31 ........ 2 Jun.
2:1-16 ........ 3 Jun.
2:17-29 ........ 4 Jun.
3:1-20 ........ 5 Jun.
3:21-31 ........ 6 Jun.
4:1-25 ........ 7 Jun.
5:1-11 ........ 3 Apr., 8 Jun.
5:7-8 ........ 11 Aug.
5:8-11 ........ 4 Apr.
5:12-17 ........ 2 Sep.
5:12-21 ........ 9 Jun.
6:1-14 ........ 12 Apr., 10 Jun.
6:15-23 ........ 23 Apr., 11 Jun.
7:1-6 ........ 12 Jun.
7:7-25 ........ 13 Jun.
7:15-25 ........ 28 Apr.
8:1-17 ........ 14 Jun.
8:9-17 ........ 12 Okt.
8:13-18 ........ 15 Mrt.
8:18-30 ........ 15 Jun.
8:26-30 ........ 9, 23 Mrt., 8 Okt.
8:31-32 ........ 14 Aug.
8:31-39 ........ 16 Jun., 4 Nov.
9:1-9 ........ 17 Jun.
9:10-33 ........ 18 Jun.
10:1-21 ........ 19 Jun.
11:1-22 ........ 20 Jun.
11:33-36 ........ 22 Jan., 21 Jun.
12:1-2 ........ 3 Okt.
12:1-8 ........ 22 Jun.
12:1-12 ........ 15 Okt.
12:9-21 ........ 23 Jun.
13:1-7 ........ 24 Jun., 25 Okt.
13:8-14 ........ 25 Jun.
14:1-12 ........ 26 Jun.
14:13-23 ........ 27 Jun.
15:1-13 ........ 28 Jun.
15:14-33 ........ 29 Jun.
16 ........ 30 Jun.

**1 Korintiërs**

10:1-13 ........ 6 Nov.
13:8-13 ........ 1 Jan.
14:26-33 ........ 3 Feb.
15:1-11 ........ 27 Apr.
15:12-20 ........ 29 Jul.

**2 Korintiërs**

1:3-4 ........ 2 Nov.

1:3-7 ........ 15 Nov.
1:3-11 ........ 15 Jan., 19 Feb.
1:8-10 ........ 5 Aug.
3:11-18 ........ 12 Jan., 13 Okt.
4:1-18 ........ 18 Okt.
4:7-9 ........ 21 Okt.
4:7-15 ........ 18 Nov.
4:8-10 ........ 24 Jan.
4:16-17 ........ 19 Aug.
4:15-18 ........ 26 Nov.
5:11-21 ........ 16 Des.
8:1-9 ........ 2 Apr.
12:6-10 ........ 22 Okt.

**Galasiërs**
5:16-25 ........ 14 Okt.

**Efesiërs**
1:3-12 ........ 26 Feb.
1:4-5 ........ 8 Aug.
1:7-14 ........ 25 Mrt.
2:1-10 ........ 18 Jan., 1 Apr., 17 Okt.
3:14-21 ........ 11, 31 Jan., 9 Des.
3:20-21 ........ 13 Aug.
4:1-6 ........ 31 Mrt.
4:7-12 ........ 5, 6 Okt.
4:11-16 ........ 23 Okt.
4:17-32 ........ 24 Okt.
5:1-20 ........ 4 Okt., 24 Des.
5:15-20 ........ 24 Feb.

**Filippense**
1:20-26 ........ 24 Mrt.
1:12-30 ........ 14 Mrt.
2:3-11 ........ 26 Mrt.
2:12-18 ........ 30 Okt.
2:5-11 ........ 8 Jul.
3:10-15 ........ 21 Mrt.
3:17-4:1 ........ 27 Mrt.
4:1-6 ........ 3, 4 Mrt.
4:1-9 .. 29 Feb., 29, 30 Mrt., 30 Sep.
4:5-7 ........ 16 Aug.
4:6-19 ........ 6 Mrt.
4:10-14 ........ 2 Mrt.
4:10-20 ........ 10 Jan., 1 Mrt.
4:19-20 ........ 31 Aug.

**Kolossense**
1:14-20 ........ 5 Jul.
1:15-29 ........ 9, 31 Jul.
3:18-25 ........ 16 Okt.

**1 Tessalonisense**
3:1-13 ........ 10 Des.
4:1-12 ........ 26 Okt.
5:12-22 ........ 29 Okt.
5:12-24 ........ 5 Des.

**1 Timoteus**
1:12-15 ........ 21 Apr.
6:2-10 ........ 16 Mrt.
6:6-10 ........ 19 Des.
6:11-19 ........ 17 Mrt.

**2 Timoteus**
1:5-10 ........ 20 Jan.
1:6-14 ........ 27 Feb.
3:10-17 ........ 14 Sep.
4:18-22 ........ 29 Nov.

**Hebreërs**
4:12-13 ........ 7 Des.
4:13 ........ 27 Aug.
4:14-16 ........ 29 Apr.
4:14-5:10 ........ 24 Nov.
6:13-20 ........ 16 Feb.
11:39-40 ........ 17 Aug.
12:1-3 ........ 1 Nov.
13:1-8 ........ 10 Nov.

**Jakobus**
1:1-8 ........ 25 Nov.
1:12-18 ........ 12 Mrt.
4:8-10 ........ 4 Sep.
5:13-18 ........ 9 Sep.

**1 Petrus**
1:3-9 ........ 27 Jul.
2:20-25 ........ 26 Mei
4:7-11 ........ 23 Jan.

**1 Johannes**
1:5-10 ........ 14 Des.
4:7-18 ........ 10 Okt., 8 Des.
4:7-21 ........ 13 Apr.

**2 Johannes**
5-6 ........ 9 Jan.

**Openbaring**
12:1-11 ........ 26 Des.
19:5-10 ........ 28 Mrt.

# Bibliografie


Barcley, WB. 2010. *The Secret of Contentment*. Vereeniging: Christian Art Publishers.

De Villiers, IL. 1990. *Net om jou 'n drukkie te gee*. Kaapstad: Tafelberg.

Du Toit, AB. 1984. *Room van Romeine*. Wellington: Bybelkor.

Eareckson Tada, J. 2010. *A Place of Healing*. Colorado Springs: David C. Cook.

Foster, R. Elfde druk, 1985. *Celebration of Discipline*. Londen: Hodder and Stoughton.

Naudé, P. (samesteller). *Die groot gebedeboek*. 2002. Wellington: Lux Verbi.BM.

Heyns, JA. 1969. *Wie fyner maal*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Joubert, S. en Smith, J. 2012. *Vreugdevrou*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy

Lewis, CS. 1964. *Letters to Malcolm*. Glasgow: Great Collins Fontana Books.

Lucado, M. 2011. *Geanker in sy liefde*. Kaapstad: Struik.

McDowell, LS. 1996. *Women Celebrating Faith*. Crowborough: Christina Press.

Maartens, M. 1989. *Gebed kan my lewe verander*. Kaapstad: Lux Verbi.

Manning, B. 1990. *The Ragamuffin Gospel*. Oregon: Multnomah Publishers.

Ortberg, J. 2012. *Who is This Man?* Michigan: Zondervan.

Sala, H. 2012. *Verwerk jou spanning, voorkom uitbranding, oorkom vrees*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Sittser, J. 2004. *A Grace Disguised*. Michigan: Zondervan.

Smit, J. 1992. *God se wil vir jou lewe*. Wellington: Boland-Drukpers.

Smit, J. 1995. *Waarheid uit die Woord*. Kaapstad: Struik.

Smit, J. 2009. *Jesus aan die Woord*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Smit, J. 2011. *Wanneer die lewe nuut begin*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Smit, N. (samesteller). 2005. *Die groot boek van Christelike aanhalings*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy

Smit, N. (samesteller). 2008. *Die groot boek van Christelike aanhalings,* volume 2. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Van Rensburg, F. en Nel, M. 2009. *Die Bybellennium*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Warren, R. 2002. *Die doelgerigte lewe*. Jeppestown: Jonathan Ball.

Yancey, P. 1995. *The Jesus I Never Knew*. Grand Rapids: Zondervan.

Yancey, P. 1997. *What's So Amazing About Grace*. Grand Rapids: Zondervan.

Yancey, P. 2003. *Reik na die onsigbare God*. Jeppestown: Johathan Ball.

Yancey, P. 2005. *Na God se beeld*. Kaapstad: Struik.

Yancey, P. 2005. *Spirituele Oorlewing*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Yancey, P. 2010. *What Good is God?* Londen: Hodder and Stoughton.